



Die WAPAD

STUDENTEBLAD

van die

P.U. vir C.H.O.

Deel ~~IX~~ 10

DONDERDAG, 17 FEBRUARIE, 1955.

No. 75 76/

DIE BOODSKAP VAN DIE S.R.-VOORSITTER.

Wat Wil Ons Vir Padkos Neem, Enersheid Of Andersheid?

TOEGESIT OF TOEGEWYD? L L

Geagte oudames en ouhere, al die P.U.-kaners:

Waar ons staan aan die begin van 'n nuwe jaar met baie probleme ten opsigte van studie of miskien meer persoonlike belange, en waar die S.R. u 'n paar woorde wil toevoeg as synde die leiers dan vir hierdie jaar, is dit voor alles nodig dat by dit wat ons oppak om saam op reis te neem ons, ons ook sal opsaaal met 'n ander groot probleem. Dit wil ons graag noem „die probleem van die enersheid of andersheid van ons studente-organisasie vir 1955.

Dit is dieselfde probleem waarvoor mnr. X te staan kom as hy sien dat sy buurman die skitterende smaak openbaar om sy huis se dak groen te verf terwyl sy eie die stereotipe rooi vertoon waarin dit die laaste tientalle-jare moes pryk. Dtdiele probleemwaaror vo is ise die laaste tientalle-jare moes pryk. Dit is dieselfde probleem waarvoor mev. Y te staan kom as sy Sondagoggend-vroeg gewaar dat haar buurvrou 'n ontstellende nuwe hoed op het terwyl sy haar by die vorige geleentheid nog met die verjaardaggeskenk van die vorige jaar op haar kop gesien het.

Wat wil ons nuwe padkos-probleem by ons tuisbring? Pukke, sien vir 'n oomblik die groen dak en die twisappel-hoed verby en aanskou in die rooi dak en vermeende ou hoed die kleur en karakter wat ons studentelewe **BEHOORT** te vertoon. Dan wil ons groot probleem aan ons wat deur 1955 op pad is, gedurig herinner dat ons anders is as buurman X en buurvrou Y wat, vir al wat ons weet, dalk selfs nog 'n mooier aanloopaadje na hulle stoepe uitgelê het!

Die studentelewe van die P.U. vir C.H.O. het sig nog nooit uitgegee vir 'n replika van dit wat ons op ander universiteite aantref nie! Diegene wat hier by dink dat ek in die oog het dat ons beter is verstaan nie wat hier bedoel word nie. As mnr. X bitter teleurgesteld was met die nuwe gedaante van sy buurman se dak, kan hy mos nie sonder onsmaaklikheid teenoor u en my konstateer dat hy sy lewe lang 'n vurige waardering gehad het vir die kleur van sy eie dak nie. As ons hier, bitter teleurgesteld is oor die gedaantes en karakteropenbarings van ander inrigtings ver van en naby aan ons (terwyl ons dit moet ontbeer) kan ons mos nie sê dat ons nog altyd 'n vurige waardering gehad het vir die kleur van ons eie nie. Ja, dis voorwaar 'n ingrypende probleem om te kom tot 'n volle besef en waardering van dit wat jy het.

Verder is dit nie op hierdie stadium die grootste probleem van u en my om te kom tot 'n **UIT-EENSETTING** van dit wat ons het nie (want daarvan is elke P.U.-Kaner kennelik bewus, al van die dag van sy „onthefing” af) maar die padkos-probleem vir die groen bome langs die 1955-pad is die waardering, die vurige opprysstelling van die wat hy **HET** (ons andersheid). Daartoe kan elke wapenbroer hier kom

deur van die eerste dag af sy bydrae te lewer om dit wat ons „eerstejaars” noem toe te wy en nie toe te sit nie. Wat ons hiermee bedoel, geagte oudames en here, is om u aan ons padkos-probleem te herinner. Ons moet ook in ons ontgroening (wat nogal 'n openbaring is van dit wat 'n mens het) nie met teleurstelling kennis neem van die nuwe hoed van ons buurvrou of die gedaante van ons buurman se dak (selfs as nuwelinge voor daardie buurhuis verby stap) nie. Ons moet kennis neem van dit wat ons **HET**, met olydskap, en hulle wat nou gekom het toewy aan die kleur van ons eie, aan dit wat ons buurman maar tereotiep mag vind. Toesit sonder meer is vernietiging, maar waar toesit in diens tree van 'n roepingsbewuste toewyding, word dit 'n kerngesonde middel ten behoeve van krankgeworde bottelbabas.

Enersheid of andersheid, toe te sit of toe te wy, dit is die groot lafenisvraagstuk van hierdie jaar en—dit begin op 16 Februarie 1955!


Baie sterkte vir vanjaar, Pukke.

FLIP SNYMAN
(S.R.-Voorsitter).

LESINGS IN BODEM-KUNDE.

Lesings in Bodemkunde word vanaf hierdie jaar deur Mnr. Penson en Brewis van die plaaslinke Landboukollege, aan hierdie Universiteit aangebied. Hierdie lesings is bedoel om hulp te verskaf aan Geologiese en Aardrykskundige studente en word gehou op Dinsdae vanaf 4.30 nm.

Mnr. S. Postma, oudstudent van ons Universiteit, verkeer tans in Holland waar hy sy studies in die regte aan die Leidense Universiteit voortsit.



MNR. Ph. C. SNYMAN,
Voorsitter van die Studenteraad.

PROF. KRUGER NA ENGELAND.

Professor D. W. Kruger het 'n uitnodiging van die Londense Universiteit ontvang om aldaar klasse aan nagraadse studente te gee. Na ons verneem, vertrek Professor Kruger in September na Londen.

VIR U SAKBOEKIE.

Universiteitsdatums, 1955.

18 FEBRUARIE:

Amptelike opening van die Universiteit en Teologiese Skool om 7.30 nm. in die Totius-gedenksaal.

26 MAART: Gradedag.

31 MAART: Sluiting vir kortvakansie.

12 APRIL: Heropening na kortvakansie.

3 AUGUSTUS: Begin Tweede Semester.

31 AUGUSTUS: Eksameninskrywings sluit.

29 SEPTEMBER: Sluiting vir kortvakansie.

30 SEPTEMBER: Sluitingsdatum vir aansoeke om studielensings vir volgende jaar.

11 OKTOBER: Heropening na kortvakansie.

30 NOVEMBER: Uitreikings van Diplomas en Medaljes.

8 DESEMBER: Einde Tweede Semester.

VREUGDEDAG VAN- JAAR IN POTCHEFSTROOM?

Na 'n reuse-sukses verlede jaar op Krugersdorp, is vanjaar besluit om die Vreugdedag in Potchefstroom en Klerksdorp, of Viljoenskroon te hou.

Die datum 20 April is by al drie stadsrade aangevra met 7 Mei as alternatiewe datum. Die 7de Mei is deur die stadsrade van Klerksdorp en Viljoenskroon aan die Vreugdedagbestuur toegestaan terwyl 2 April weer deur die Potchefstroomse stadsraad toegestaan is. Die 7de Mei is weereens in Potchefstroom aangevra en beryg is ontvang dat die saak aandag geniet.

Nadat daar in die afgelope twee jaar elke keer f900 ingesamel is, is die hoofbestuur van plan om 'n skitterende organisasie van stapel

te stuur en ons het volle vertroue in ons Vreugdedagleier, mnr. W. F. Steenkamp, dat hy sy taak met sukses sal uitvoer.

Die hoofbestuur het nog nie besluit vir watter doel die fondse aangewend sal word nie. Dit sal óf vir liefdadigheid geskenk word óf aangewend word tot die stywing van die Studentesaal-fonds.

Dr. F. J. du Toit, kanselier van die P.U. vir C.H.O. sal sy intrede hou tydens die amptelike opening van die Universiteit wat eerskomende Vrydagaand, 18 Februarie, in die Studentesaal plaasvind.

**Lees Die Wapad
Elke 14 Dae**

ALWEER SULKE TYD?



Die Wapad.

VRYDAG, 5 NOVEMBER, 1954.

Offisiële Studentekoerant van die P.U. vir C.H.O.

WAARNEMENDE REDAKSIE.

HOOFREDAKTEUR	M. J. Strydom.
SUB-REDAKTEURS:	Sport: W. van der Ahee. Mej. L. Grobbelaar.
	Nuus: S. P. B. Buys. Mej. S. J. E. v. Schouwenburg Mej. M. M. Malan. Mej. M. Stoker.
	Kuns: Mej. M. M. Oosthuizen.
	Varia: Mej. E. Duvenage.
SPOTPRENTTEKENAAR	J. Smith.

WAARNEMENDE ADMINISTRASIE.

VOORSITTER	A. S. Hechter.
LEDE	J. L. Steyn. McHattingh. A. E. Makkink. H. Harmse. H. Harmse. J. M. Bothma. H. J. van der Walt.

'N GEVONDE BEGINSSEL EN 'N GESOGTE EERSTE MINISTER.

„WIE SOEK SAL VIND”.

Vir die studentelewe van die P.U. vir C.H.O. is hierdie woorde op kostelike wyse bewaarheid in die vonds van dit wat ons vertroetel as ons eie aard. Dit is mos baie aangenaam om gevind te hê en daarom te besit. Dit gee aan die besitter 'n onuitputlike skat van rykdom wat nie noodwendig op rekening hoef te bly staan nie. Dit kan ook 'n waardevolle en werklikheidsbevoegde bate wees wat, om dit met 'n beelde te vergelyk, soos 'n lig kan skyn oor al die duisternisomhulde struikelblokke van 'n studentelewe.

Dit wat gevind is, is 'n beginsel. 'n Beginsel is die fondamentsteen van jou lewensgebou. Die swierigste en weelderigste koepelwerk en sy beantwoording aan die eise van die konkrete, die veiligvaste, word bepaal met die maatstaf van die vastheid van jou fundamente. Dit geld daarom as onomstootlike waarheid dat die topwerk van 'n studentelewe in die oog van die gemiddelde toeskouer wel imponerend mooi kan wees, maar terselfdertyd in die oog van die beginselbehoefte toeskouer 'n ongeneeslike kwesplek kan vertoon omdat genoemde studentelewe rus op rigting- en beginsellose fundamente. Dit is dus heerlik om te kan konstateer dat jy wat soek, ook jy is wat reeds gevind het, en daarom 'n ryk besitter is.

Dit is dus ook waar dat daar nog gesoek word niesteenstaande die feit dat die eiendom 'n vaste bate is. Dit wat dan van huis-uit, hier gesoek word is die aanklank wat die roepstem van jou doelgerigte lewensgebou wil vind en die breë wêreld waarin jy leef.

Om en by Novembermaand, 1954, moes daar in die Unie van Suid-Afrika 'n nuwe eerste minister gesoek word. Daar was dus ook 'n soeke en 'n vonds! Adv. Strydom het dan ook in sy hoedanigheid as Eerste Burger van die land 'n vaste eiendom geword vir die wat op soek was. Dit is dus nie verkeerd dat hy 'n gesogte persoon is nie. Ons het so pas gepraat van twee soorte toeskouers—daarom twee wyses van soeke. Laat ons dit dan so stel dat die nuwe Eerste Minister by die studentemassa van die P.U. vir C.H.O. 'n gesogte persoon is, nie in die sin van die doellose soeker nie maar 'n gesogte persoon wat die roepstem van 'n eiendommike beginsel aanbehoef.

Vir ons is hy nie slegs 'n gesogte Eerste Minister nie, maar ook 'n gevonde (in 'n besondere sin van die woord). Ons verwys hier na die lewenskragtige uitspraak van sy edele in 'n radioboodschap kort na die aanvaarding van sy ampstermyn. Dit gee getuigenis van 'n weloerwoë en daarom batige beginsel. Die aanklank wat ons roepende beginsel kry is die woorde m.b.t. die Soewereiniteit van God waaraan hy alles verskuldig is. Pragtig! In die ry van Godsgelowige Eerste Ministers is hy vir ons 'n lieflike besitting, 'n lofwaaardige bate, alle eerbied waardig, en die volle loyaliteit wat ons beginsel van ons vra.

INGRAM SE BOTTELSTOOR

INGEVOERDE

en

KOLONIALE

WYNSOORTE

en

SPIRITUALIEË

J. R. VAN DER WALT

APTEEK

Kerkstraat 111,

POTCHEFSTROOM.

ONDERSTEUN 'N OUD-
P.U.-KANER.

Ek voorsien ALLES wat van 'n

APTEEK verlang word.

Lees Die Wapad
Elke 14 Dae

VAN S.R.-WEE.

Met hierdie eerste uitgawe van Die Wapad wil die Studenteraad al die oudames en -here baie hartelik welkom heet! Ons vertrou dat u 'n aangename rustyd geniet het en ook vol moed is vir die jaar wat voorlê.

VERDUIDELIKING.

Dit mag u miskien verbaas dat Die Wapad vandag alreeds verskyn, maar aangesien die redakteur wat verlede jaar deur die S.R. benoem is, verhinder is om sy studies onmiddellik voort te sit, was die normale later-uitgawe van sy hand onmoontlik. Die dagbestuur van die S.R. wat alreeds 'n week op kantoor is het dit daarom goedgevind om met die hulp van die toe-reeds-teenwoordige studente self hierdie eerste uitgawe waar te neem. So het mnr. Jackie Strydom die redakteur geword van hierdie eerste uitgawe. Ons vertrou dat hierdie dadelike verskyning sal help om die magsien aan die gang te sit.

VAN HARTE GELUK!

Met saamvoelende blydschap wil die S.R. hiermee 'n woord van hartelike gelukwensing spreek aan mej. Bessie Badenhorst wat verloof is aan mnr. Retief Oosthuizen. Ook aan mej. Marina Meyer in dieselfde sin, hartelik geluk! Dieselfde hartelike woord gaan ook aan mej. Anita Brits en Gert Bester, aan mej. Maaikje Postma, aan mej. Ina Malan en Chris Wentzel met hulle verlovings. Laaste maar nie die minste nie het ook ons geagte ondervoorsitter mnr. Jackie Strydom dié groot stap gewaag. Aan hom en mej. Lenie Claassen gaan dan ook die hartlikste gelukwensing van die S.R. Mag die volgende stap spoedig volg. So van „volgende stappe” gepraat: Aan die eegpare Charl Jooste, Frans Gräbe en Pieter du Plessis ook hartelik geluk van die kant van die S.R. Aan al die persone wie se name hier genoem is wil ons nogmaals die Here se rykste seëninge toewens. Ons sal u nie vergeet nie.

INLYWING.

In hierdie saak is daar weer vanjaar die hartlikste samewerking met die Senaat. Die S.R. is lan ook heelhartig ingeskakel in die „week vooraf” d.w.s. van 9-15 Februarie. Dit wat die S.R. in hierdie week gedoen het kom in kort neer op 'n organiese bewusmaking van die haglike posisie waarin die „verskynsels” verkeer as synde die onselfstandige produk van 'n jarelange lepel-proses.

WYLE PROFF. B. J. DE KLERK en J. D. DU TOIT.

Op Vrydag 4 Februarie het die plegtige onthulling van die grafstene van wyle Proff. B. J. de Klerk en J. D. du Toit (Totius) plaasgevind. Die ontwerp op die grafsteen van laasgenoemde is gedoen deur die kunstenaar Pierneef, en is in die vorm van 'n wilgerboom. Die grafsteen is onthul op die geboortedag van hulle dogtertjie wat deur die weerlig gedood is.

By die kerkhof het Prof. Jooste die verrigtinge geopen, en daarna het Ds. Kotzé die woord gevoer. Vervolgens is oorgegaan tot die onthulling van die twee grafstene. Ds. Yssel het afgesluit.

Nadat die plegtigheid by die kerkhof afgehandel is, is 'n gedenksteen ter ere van Totius by die Teologiese skool ingemessel.

Mnre. Wiegand en Olivier, wat albei verlede jaar hulle B.Sc.-graad behaal het, het poste in die Buro vir Standaard in Pretoria aanvaar.

Die lepeluiers is dan ook op hierdie stadium hopelik ten volle op hoogte met die bewoording van die studenteliedjies, asook met die Studente-organisasie as sodanig. By hierdie „uitgawe” wil die S.R. graag 'n baie vriendelike beroep doen op alle oudames en -here om hulle heelhartigste steun te verleen by die opregbedeelde maar uiters moeilike toewyding van die eerstejaars.

PUBLIKASIE VAN BROSJUREBOEK.

'n S.R.-komitee onder leiding van mnr. M. J. Strydom werk van die einde van verlede jaar af, baie bewus van die dringende tekort van soiets, aan die volledige hersiening van die konstitusies van die S.R. en al sy onderliggame. Die doel hiervan is dan ook die publikasie van 'n aktueel-aangepaste Studentehandboek. Sterkte met die groot taak, mnr. Strydom!

PUBLIKASIE VAN SANGBOEKIE.

Tentatief is deur die A.B.K.K.-voorsitter, mnr. Flip Kruger, gestel dat genoemde liggaam vanjaar beoog die uitgee van 'n sangbundel van ons Studenteliedjies. Ook dit het 'n dringende noodsaaklikheid geword en ons hoop saam met dié raad dat dit spoedig 'n werklikheid sal word.

BENOEMINGS VAN EN VAKATURES OP DIE S.R.

Hieronder volg 'n volledige kennisgewing van die benoemings van die S.R.:

Besembos:

Hoofredakteur: L. S. van der Vyver.

Sakebestuurder: J. D. van der Vyver.

Wapad:

Hoofredakteur: Benoem te word.

Sakebestuurder: L. J. Swart.

Pukkies:

Hoofredakteur: G. N. van den Bergh.

Sakebestuurder: A. Hechter.

Vreugdedag:

Voorsitter: W. F. Steenkamp.

O/Voorsitter: Benoem te word.

Sekretaris: A. P. C. Duvenage.

Penningmeester: Benoem te word.

Ontspanningskomitee:

Voorsitter: J. D. v.d. Vyver.

O/Voorsitter: N. du Toit.

Sekretaris: John Smith.

Add. dameslede: Marietjie du Plessis, Annette v.d. Walt, Louise v.d. Walt, Hanneltjie v.d. Walt.

Add. manslede: L. A. S. van Wyk, P. H. J. Hugo, Christie Coetzee.

Argief:

Vos Venter,

Johan Scholtemeyer.

Wat die vakatures op die S.R. aanbetref: Die S.R. moet met leedwese kennisgee van die bedanking van mnr. J. H. van Niekerk. Die penningmeestersposisie is dus vakant. Ook mnr. D. F. Erasmus, voorsitter van die A.S.B., kan ongelukkig sy studies nie onmiddellik voortsit nie. Hierdie posisie sowel as dié op die S.R. is dus ook vakant. Die S.R. sal dus verplig wees om so gou as moontlik verkiesings van stapel te stuur ten einde hierdie vakatures te vul. Klubs en verenigings word vriendelik versoek om spoedig kennis te gee van vakatures op besture sodat alle verkiesings gelyktydig kan plaasvind.

TOERNOOIE:

Verslae van die pasafgelope sporttoernooie is natuurlik nog nie ter insae nie, maar die S.R. wil langs hierdie weg alle studente wat op waardige wyse opgetree het in naam van ons inrigting, met verwysing na die S.R., baie hartlik verseker van ons opregte waardering. Die S.R. het ook met spyt kennis geneem daarvan dat die Bofbal-toernooi nie op vooropgestelde offisiële wyse kon geskied nie. Geld is maar altyd 'n skaars artikel.

BAIE DANKIE:

Aan alle instansies en persone wat aan die S.R. gedink het in die tye van goeie wense, wil die Raad sy innigste dank betuig. Elke Kersfeeskaartjie het ons verseker dat ons nog in u gedagtes was.

Die S.R. wil langs hierdie weg baie dankie sê aan die persone wat so ywerig gehelp het om hierdie „Wapad” te publiseer. Hulle was mejj. van Schouwenburg, Grobbelaar, Malan, Duvenage, Oosthuizen en Stoker; asook mnre. Buys, van der Ahee, Smith, van der Walt, Bothma, Harmse, Makkink, Hattingh, Steyn en Hechter.

Langs hierdie weg wil die S.R. ook sy innige deelneming betuig met Dr. B. C. Schutte en mnr. Jannie Schutte en families, met die afsterwe van hulle vader en grootvader, wyle mnr. Casper Schutte van Venterstad.

VIR—

VIS, ERTAPPELS,

VERVERSINGS, ENS.

WELKOM KAFEE.

Von Wiellighstraat 13,

POTCHEFSTROOM.

Dis u kafee, Studente!

JAY'S GARAGE

(K. NOBEL, Eienaar).

5 Lombardstraat 5, Foon 175,
Potchefstroom.

Voorraadhouders en Handelaars in
MASSEY-HARRIS TREKKERS,
PLAASGEREEDSKAP,
PLANTERS en STROPERs.
S.A.F.I.M. en WILDBOAR-
IMPLEMENTE, ENS.



GROENPUNT-KAFEE,

Von Wiellighstraat,
vir

Vars, Smaaklike Vrugte

en Groente.

Gordenking

ONS LEWENSLOOP.

FIL. 3: 14: MAAR EEN DING EK VERGEET DIE DINGE WAT AGTER IS EN STREK MY UIT NA WAT VOOR IS.

Met watter gesindheid gaan ons hierdie jaar tegemoet? Gaan ons hierdie jaar tegemoet om net ons eie vooropgestelde doel te verwesenlik? Suksesvol te wees in eksamens? Suksesvol te wees in die studentelewe? Om die een of ander ou „possie” te vervul?

As ons dan ons kans op vooruitgang wil bereken, dan kan ons so maklik opnoem wat ons al in die verlede gedoen het, die mylpale wat ons al bereik het. Elke een sou vir homself ’n wonderlike getuigskrif kon gee. Miskien sou hierdie getuigskrif ook baie gewig kon gedra het in die oë van die mense, maar is dit ook iets werd voor God?

Hoe moet ons voor God staan? Wat moet ons lewenshouding wees? Hoe gevoel Paulus hom in die lewe? Hy gevoel hom in die brief aan die Fil., soos ’n atleet wat op ’n renbaan hardloop, en in hierdie lewenswedloop vergeet hy alles wat agter hom is. Die dinge wat agter is, is sy roem op die vlees: die feit dat hy uit die geslag van Israel is; ja, ’n Hebreër uit die Hebreërs. Hy vergeet sy ywer, hy was vervolger van die gemeente. Hy vergeet sy geregtigheid, al was dit volgens sy ou maatstawwe, onberispelik. Dit was hy gepresteerd het in die verlede beteken vir hom niks as hy voor God staan nie! Hy ag dit skade en selfs as dreck!

Ons wil die volgende persone hartlik geluk wens met hulle aanstelling op die personeel van die Universiteit:

Juff. M. Harmse as lektrese in liggaamlike opvoeding;

Mnr. A. J. E. Sorgdrager as navorsingsbeampte aan die Ekonomiese Navorsings-Instituut;

Dr. K. W. Gerritsma as senior lektor in farmasie;

Mejj. E. de Wet en A. Joubert as lektreses in Huishoudkunde.

Dit is nie dat hy alles vergeet wat agter is nie, want Paulus ontou goed hoe groot die genade van God in sy lewe was, sodat hy tot nou toe nog kon staande bly. Kyk maar in II Kor. 6 en 11 waartoe Paulus alles in staat was deur die genade van God. Hy het honger gely, was in gevare, sy liggaam was dikwels geteister deur slae en dan het hulle ook al gevrees vir sy lewe! Die dinge kon hy nie vergeet nie, maar as hy daarvoor praat dan is dit net om in die Here te roem!

Daar is nog iets wat hy nie kon vergeet nie, sy sware sondeverlede wat maar telkemale voor hom opdoem om hom verslae te laat uitroep: „Ek ellendige mens, wie sal my verlos van die liggaam van hierdie dood!”

So moet ons, as jongmense, ook maar die prestasies van die verlede vergeet. By mense mag dit miskien tel—maar voor God NIKS! En as ons roem laat ons in die Here roem.

Maar ons moet vorentoe. Paulus het hom uitgestrek na vore om Christus as doel te verkry. As atleet wil Paulus nie omkyk na agter nie—maar wil hy steeds vorentoe beur met sy oë net op die wenpaal voor hom. Sy hele lewe kry alleen sin as hy Christus ken. Ken in die opsig dat hy weet wie Christus is en hoe alles saamtrek rondom die Middelaar. Dat alles moet wies tot die ere van onse Koning en deur Hom alles tot die eer van God. Paulus is daarin nog geen volleerde nie want hy reken nie dat hy alles al gegryp het nie.

Hoeveel te meer moet ons ons nie beywer om Christus te ken nie. Ons eie kerkbesoek, ons persoonlike studie van die Woord van God mafig nie verflou nie! Laat ons nooit hoogmoedig dink dat ons Christus goed genoeg ken nie! In ons wetenskap moet ons maar die een ding najaag, onophoudelik, ja, in ons hele lewenswandel, om Christus te ken!

Maar Paulus se bedoeling is dieper. Dit moet ’n praktiese kennis van die krag van die opstanding van Christus wees. Christus het opgestaan uit die dode en saam met Hom al die gelowiges. Ons word gedwing om onself af te vra: Het ek ook saam met Christus opgestaan? Word die krag van Sy opstanding ook in my lewe openbaar? Besef ek die diepte van my sondelewe dat ek dit ook moet uitkerm: „Wie sal my verlos van die liggaam van hierdie dood?” Om dan weer ruste vind met die uitroep: „Ek dank God, deur onse Here Jesus Christus! Ja, deur Hom is ek ’n nuwe mens! Deur Sy opstanding het ook ek opgestaan uit die dood van die sonde en lewe ek vir Hom in al my werk, in al my studie”. Sien ons dit in ons eie lewe? So moet ons Christus ken en dit is die kenne waarna ons ons moet uitsterk!

Maar ons moet Hom ook ken in die gemeenskap van sy lyde en ons moet aan Sy dood gelykvoermig word. Ons moet die ou mens met sy begeerlikhede afsterwe—ons moet breek met die sonde! Deur die krag van Christus kan dit.

Alleen as ons Christus waaragtig ken, het ons lewe sin. Al die ander dinge kan ons maar gerus vergeet, daar is maar een doel wat ons kan najaag: om onse Here te ken! As ons Hom ken kan ons ook bekroon word met die prys—die ewige lewe saam met Christus tot die ere van God!

F. N. LION-CACHET.



MNR. F. J. LABUSCHAGNE, koshuisverteenvoorder van Heimat.



MNR. F. N. LION-CACHET, koshuisverteenvoorder van Postmahuis.



Mnr. Jan Visser, S. R.-voorsitter 1954, wat tans saam met mnr. Piet Pelsers oorsieer verkeer.

STUDENTE-KAFEE WORD IN VOORUITSIG GESTEL. TALLE VERANDERINGE OP P.U.-GRONDE.

Vir die afgelope jaar reeds, is Mnr. Bosman en sy personeel besig om roekeloos bome uit te kap en teerpaale op te grawe. Wat vir die gewone student blote vandalisme skyn te wees, is egter deel van ’n groter plan. Toe die Universiteit destyds op Potchefstroom gevestig is, het die owerhede nooit kon droom dat die uitbreiding so fenomenaal sou wees nie. Geboue moes een na die ander verrys volle tot sy reg kon kom. Eindelik het die uitbreiding sodanig geword sonder dat die terrein vooraf in geheel beplan is, en elke gebou ten dat beplanning van die terrein noodsaaklik geword het. Dit is dan aan hierdie groot plan wat daar nou gewerk word.

Wat presies behels hierdie plan? dentesaal, en ingerig word as ’n Daar is vier aspekte, nl. geboue, studentekafee. Die opbrengste paale, beligting en water-afvoer, hiervan sal, na verneem word, Wat geboue betref, kan ons die gaan vir die aanbou van die oorspronklike beplande studentekafee langs die saal. Planne is ook Ferdinand Postma-biblioteek voltooi. Daarna het gevolg Dawie reeds opgetrek vir ’n groot da- du Plessishuis, die Studentesaal, mes-eetsaal wat tussen 300 en 400 Klawerhof (die nuwe dameskos- studente sal kan bevat. Hierdie huis), en die fisika-gebou. Die eetsaal sal tussen De Klerk- en fundament van ’n uitbreiding by Piet Groblerhuis kom, en met ’n die Geologie laboratorium is reeds gang wat uit die voorportaal loop, gelê, en bouwerk vorder fluks aan De Klerkhuis verbind wees.

Nuwe en beter paale het dringend noodsaaklik geword a.g.v. hierdie nuwe geboue. Die kampus van die hoofgebou gee nou ’n baie beter gesig daarop, en ook op die ander geboue daarlangs-aan. Tussen Piet Groblerhuis en Klawerhof gaan ’n sirkel aangelê word, en ook tussen De Klerkhuis en die huisvader se woning. Die hek by Meyerstraat sal toegang verleen slegs aan fietsryers en voetgangers. Die pad wat voor die studentesaal verby loop draai regs af net voor dit by

Heimat kom, loop dan tussen Onshuis en Postmahuis deur, en ontmoet so weer die pad wat agter die manskoshuise verby loop.

TERREINPERSONEEL DOEN WERK SELF.

Die terreinpersoneel van die Universiteit doen al die werk self. Die klippe en gruis van die paale is reeds ingerol, en die teer kan nou net daarvoor gespuut word. ’n Firma van Johannesburg wat hierdie werk onderneem, sal dit glo binne ’n dag kan afhandel. Geen noukeurige beaming van al die werk is nou reeds beskikbaar nie, maar etlike duisende ponde is reeds aan die paale bestee. Die teer alleen sal nagenoeg £300 bedra. ’n Belangrike aspek van hierdie werk is die



DIE FERDINAND POSTMA-BIBLIOTEEK WAT IN 1952 VOLTOOI IS.

voorsiening wat gemaak word sal word van onder af. Die bibliotek en ander geboue langs die kampus vorm die horisontale lyne wat dan saamloop tot die vertikale suil voor die hoofgebou.

Hoe wonderlik hierdie toekomstplanne ookal mag wees, is hulle almal afhanklik van arbeid, finansies en die weer. Stuk vir stuk word dit egter voltooi, en sien ons hoe die gehele plan vorm begin aanneem.

Ook die werk met elektriese kables, pale ens. word deur die universiteit self onderneem. Die munisipaliteit sal net die finale aansluitings kom doen. Orals langs die paale gaan sterk ligte aangebring word.

By al hierdie bedrywighede word argitektoniese skoonheid egter ook nie uit die oog verloor nie. Die argitek het dit so beplan dat die geboue rondom die kampus die nadruk op die horisontale en die vertikale lyn sal laat val. Reg voor die hoofgebou, op die driehoek wat die kampus daar vorm, gaan ’n suil, min of meer in die vorm van ’n kers opgerig word wat saans baie goed belig

sal word van onder af. Die bibliotek en ander geboue langs die kampus vorm die horisontale lyne wat dan saamloop tot die vertikale suil voor die hoofgebou.

Hoe wonderlik hierdie toekomstplanne ookal mag wees, is hulle almal afhanklik van arbeid, finansies en die weer. Stuk vir stuk word dit egter voltooi, en sien ons hoe die gehele plan vorm begin aanneem.

Ook die werk met elektriese kables, pale ens. word deur die universiteit self onderneem. Die munisipaliteit sal net die finale aansluitings kom doen. Orals langs die paale gaan sterk ligte aangebring word.

By al hierdie bedrywighede word argitektoniese skoonheid egter ook nie uit die oog verloor nie. Die argitek het dit so beplan dat die geboue rondom die kampus die nadruk op die horisontale en die vertikale lyn sal laat val. Reg voor die hoofgebou, op die driehoek wat die kampus daar vorm, gaan ’n suil, min of meer in die vorm van ’n kers opgerig word wat saans baie goed belig

PRESIDENT CAFE

FOR

Sweets,

Grills

AND

Cooldrinks.

ONDERSTEUN

ONS

ADVERTEERDERS

VERSKILLENDE PESTURE VIR 1955

STUDENTERAAD.

Voorsitter: Ph. C. Snyman.
Onder-Voorsitter: M. J. Strydom.
Sekretaris: J. H. Buys.
Penningmeester: Vakant.
Lede: A. van der Walt, P. B. de Klerk, F. J. Labuschagne, P. J. Kruger, G. N. van den Bergh, Mej. E. Kruger, J. J. de Wet, W. F. Steenkamp, Mej. J. M. T. van der Merwe.

KORPS V.V.

Voorsitter: M. J. Strydom.
Onder-Voorsitter: A. v.d. Walt.
Sekretaris: J. H. Buys.
Penningmeester: P. J. Steyn.
Add. lede: P. B. de Klerk,
Mej. Marietjie du Plessis.
Mej. H. J. G. Snyman.

A.S.B.

Voorsitter: Vakant.
Onder-Voorsitter: Ph. C. Snyman.
Sekretaris: F. J. Labuschagne.
Pgm.: J. J. A. Steenkamp.
Organiseerder: D. Postma.
Add. lede: W. F. Steenkamp,
F. B. de Klerk.
Mej. Marieta J. du Plessis.
Mej. M. M. Malan.

A.B.K.K.

Voorsitter: P. J. Kruger.
Onder-Voorsitter: J. H. Coetzee.
Sekretaris: E. Smit.
Pgm.: J. D. v.d. Vyver.
O. A. W. Strydom.
N. F. Laubscher.
G. N. van den Bergh.
P. G. L. van der Walt.
Mej. E. Kruger.
Mej. S. du Plessis.

S.S.B.

Voorsitter: J. J. de Wet.
Onder-Voorsitter: P. van Wyk.
Sekretaris: Vakant.
R. P. Hauptfleisch.
W. Putter.
W. F. Steenkamp.
D. du Plessis.
C. W. A. Steyn.
B. Olivier.
Mej. J. M. T. v.d. Merwe.
Mej. A. S. V. Bekker.

ONTSPANNINGSKOMITEE.

Voorsitter: D. Postma.
Onder-Voorsitter: C. D. Roode.
Sekre.: Mej. J. Schoeman.
Pgm.: F. W. de Klerk.
Add. dameslid: Mej. R. Oosthuizen



MNR. PIET PELSER,
voorsitter van die Manskoshuise-
komitee.



VAN DIE REDAKSIE

Vir die eerste keer in baie jare, Pukke, kon ons daarin slaag om 'n „Wapad“ tydens die kennismakingsverrigtinge die lig te laat sien. Die waarnemende redaksie van die „Wapad“ wil sy hoop en vertroue uitspreek dat hierdie eerste uitgawe by u byval sal vind en aangename leesstof vir die volgende paar dae sal verskaf, niestandaande die feit dat die lug vol onheil van naderende storms is nie.

Die Redaksie van die „Wapad“ wil egter hiermee ook 'n beroep op ons geagte studente doen om in die komende jaar hulle eie idees, artikels, berigte ens. op te stel en aan die redaksie te stuur. Dit is u „Wapad“, nie ons s'n nie. Ons is slegs instrument daartoe om hierdie koerant elke twee weke te laat verskyn. En as u nie bereid is om ook hiermee te help nie, sal die redaksie dit dan so aanvaar met die wete dat u tevrede is daarmee. Dan ook, sal u geen reg hê om daarvoor te k'a nie.

Die redaksie wil u ook baie sterkte toewens vir die komende jaar en die hoop uitspreek dat die studies, die slepery, „kysery“, e.d.m. van die begin af, soos nog nooit vantevore nie, sal vlot.

Laastens 'n hartlike woord van dank aan mnre. Ph. C. Snyman en J. H. Buys wat die redaksie in moeilike omstandighede, getrou bygestaan en gehelp het.

M. J. STRYDOM

(Waarn. Hoofredakteur).



Mnr. P. J. Kruger, voorsitter van die A.B.K.K.



Mnr. G. v.d. Bergh, hoof-redakteur van die „Pukkie“.



O NOOI VAN DIE VELDE, WAT IS JY TOG SKOON“

FLEURETTE

BLOEMISTE

Kerkstraat 91,

POTCHEFSTROOM.

Spesiale Afslag aan

Studente.

UNIE BAKKERIE

Posbus 244. Foon 167 en 1086.

BROOD, KOEK en PASTEITJES

Bakkers en Banketbakkers.

vir alle geleenthede.

Trou-, Verjaardag- en Doopkoek.

Kerkstraat 38, Potchefstroom.

Spoorwegstraat, Klerksdorp.

MOOIRIVIER APTEEK

Kerkstraat 155,

Potchefstroom.

Telefoon 380.

Die Aptek vir Diens.

TURKSTRA BAKKERY DIE BULT ALGEMENE

RAADPLEEG ONS VIR

Bruidskoeke, Brood

en

Alle Koeksoorte.

ELKE DAG VARS.

HANDELAAR

Von Wiellighstraat 20,

vir

ALLE KRUIDENIERSWARE,

HARDEWARE, SIGARETTE,

ens.

ED. L. OOMS

(N.S.T.O., N.V.V.O. Ned.)

OOGKUNDIGE.

Brilspesialiteit.

U oë getoets op modern-wetenskaplike metode.

Kerkstraat 129, Foon 980, Potchefstroom.

EIE OPTIESE SLYPERY.

Depôt: CARLZEIS-JENA.

DIE BULT FIETS- EN SKOEN-REPARASIE WINKEL

LANGS WELKOM-KAFEE.

Besoek ons vir betroubare werk en spoed.

Fietse, Skoene en Onderdele.

SCHOONHOVEN HAARKAPPERS.

DAMES EN HERE STUDENTE!

Hier is die adres van u Ned. gedipl. Haarkundige

Haarkapper.

Foon 1486.

Eienaar: G. SCHOONHOVEN.

BEYERS CLAASSEN FOTOGRAWE—Nou ook te Kerkstraat 84. Foon 455. Kom kyk na ons Uitstalling van KAMERAS.

NUWE PROFESSORE.



JACQUES PHILIP MALAN is op 24 Oktober 1917 gebore as seun van mnr. en mev. J. H. Malan. Sy vader is bekend as geskiedskrywer en oud-redaksielid van die Volksblad. Sy skoolopleiding ontvang hy aan die Dr. Viljoenskool en later aan Greyllkollege, Bloemfontein. Einde 1938 voltooi hy sy B.A.-graad aan U.K.O.V.S. Sy musiekopleiding in klavier en orrel gaan ondertussen voort onder prof. D. J. Roode, en in 1940 slaag hy in beide die Onderwys- en Voordraglisensiate.

'n Jaar later kom hy in Potchefstroom aan as privaat musiekonderwyser. In 1942 begin hy met die Musiekdepartement aan die Universiteitskollege. Vanaf 1949 is hy Senior Lektor in Musiek en hoof van die Departement.

Op 17 April 1943 tree Dr. Malan in die huwelik met mej Alberta Johanna Schutte. Uit die huwelik is een dogter, Huibrecht Elizabeth, gebore.

In 1948 behaal hy die B.Mus.-graad na eksterne studie aan die Univ. van S.A. Aan die begin van 1952 vertrek hy na Wenen vir verdere studie, en na 18 maande van intensiewe studie verkry hy sy doktorsgraad in die musiekwetenskap onder Dr. Erich Schenk en wel met die proefskrif: „Gehalt und Gestalt der Motivik in Händels Oratorien”. Vanaf Januarie 1955 aanvaar hy sy professoraat aan die P.U. vir C.H.O.

Onder sy studente is Prof. Dr. J. P. Malan bekend as 'n persoon met 'n oorspronklike en breë insig in die musiekvakke. Deur sy ryk woordeskat en mooi taalgebruik is sy lesings besonder interessant.

MNR. AMMI PASTMA is onlangs aangestel as Professor in Grieks aan die universiteit. Professor Postma is die seun van wyle Ds. S. Postma en het opgegroeï in Middelburg, K.P. waar hy dan ook skoolgegaan het.

Later is hy na Bloemfontein waar sy weduwe-moeder in die huwelik getreet het met mnr. J. S. M. Rabie.

Prof. Postma het sy matriek aan die Greyllkollege-skool afgeleë en later sy B.A.-graad aan die Grey Universiteitskollege verwerf. Hierna het hy hom bekwaam as predikant aan die Teologiese Skool te Potchefstroom. Hy was twaalf jaar lank predikant in die gemeentes Lydenburg in kombinasie met Belfast, Dulstroom en Carolina; en Ventersdorp, onderskeidelik. Hy was ook konsulent van die Gereformeerde gemeente Eldoret te Kenia.

In 1945 is hy aangestel as senior lektor in die klassieke aan die P.U.K. Sedert 1947 is hy hoof van die departement Grieks.

ETA SHR CMFWY 123456 12300
Sy B.A. hons. het hy deur privaat studie verwerf en later ook sy M.A. met die verhandeling: „Euripides se beskouing oor die vrou”. Van sy hand het ook verskillende Teologiese artikels in populêre wetenskaplike tydskrifte verskyn.

Aan prof. Postma ons hartlike gelukwense met sy professoraat.

NUUSBROKKIES.

Dr. Jan Steyn, L.V. vir Potchefstroom, sal as hoofspreek optree tydens die Gradedagplegtigheid wat op 26 Maart plaasvind.

Professor F. R. Lehmann van die Volkekunde-departement, se diensteryn is verleng tot einde 1955.

Twee dosente van die Universiteit wat tans in Holland studeer, mnr. C. F. Schoeman en J. A. L. Taljaard, word onderskeidelik op die 5de Maart en einde Maart terug in die Unie verwag. Mnr. Schoeman is aangestel as senior lektor in Sielkunde.

S. C. GUSE

Kerkstraat 95, Foon 652.

Agente vir

Pfaff Naaimasjiene.

Kramery.

MNR. ARRIE VAN DER WALT,
koshuisverteenvoerder van
Dawie du Plessishuis.

STUDENTE . . .!!!

Vir al u

- Handboeke,
- Skryfbenodighede,
- Leertasse,
- Geskenke, ens.!

BESOEK ONS EN WEES VERSEKER VAN GOEIE DIENS.

POTCHEFSTROOM BOEKHANDEL

Kerkstraat 90,
Telefoon 497.

ONTGROENING OF VERLEDE?



'N TONEELTJIE UIT DIE DAE VAN DIE HOF VAN „HADES”

W. J. GROBBELAAR,

Mans- en Dames-
Haarkapper

Kerkstraat 97. Foon 330.

OOSTHUIZEN

KOLE-AGENTSAP.

Kerkstraat 70, Foon 312,

POTCHEFSTROOM.

LOOCK

KLEREMAKERS

CALDERBANKSGEBOU,

Kerkstraat 102,

Potchefstroom.

Foon 855.



Eerste in die wêreld

As u 'n sensitiewe roker is, sal u Rembrandt van Rijn Filter de Luxe


—die wêreld se eerste lang sigaret met filtermondstuk — geniet. Dit

bied nog groter genot — die room van die Tabakoes plus die

„Golden Throat”-filter met dun lagies watte tussen

kreukelpapier. Dit gee koel, verspreide rook

— geen teken van tongbrand nie.



Prys in Suid-Afrika: 1/9 vir 20
Ook in standaard grootte:
Rembrandt Filter de Luxe teen
5 vir 20, 3/6 vir 50

Rembrandt
VAN RIJN
FILTER DE LUXE

met die „GOLDEN THROAT”-filter

MENSE EN DINGE.

Ja-nee, soos gewoonlik het die afgelope somervakansie sommer baie verrassings opgelewer. Ons dink veral hier aan ons geagte voorsitter en onder-voorsitter van die Studenteraad wat tot die belangrike stap, nl. verlowing oorgegaan het. Graag wens ons die Voorsitter, mnr. Flip Snyman hartlik geluk met sy verlowing aan mej. Welma Lessing (was die trekklavier genoeg, of moes pa maar help?), ook mnr. Jack Strydom met sy verlowing aan mej. Lenie Claassen.

Hier het dit egter nie opgehou nie en dus wil ons die volgende persone, wat tot dieselfde gewigtige stap oorgegaan het, baie geluk wens.

Mnr. Gert Bester en Mej. Anita Brits.

Mnr. Kalhari Burger en Mej. Rina Oosthuizen.

Dr. Dawie Stoker en Mej. Wilmien Naude.

Mnr. Chris Wentzel en Mej. Ina Malan.

Mnr. Conradie en Mej. Maaïke Postma.

Mnr. Retief Oosthuizen en Mej. Bessie Badenhorst.

Dit het nie net by verlowings gebly nie. Sekere Pukke en oud-Pukke het besluit om liewer die lewenspad verder saam te bewandel. Graag wens ons die volgende pare baie hartlik geluk met hulle huwelike en alle sterkte en voorspoed vir die toekoms toe:

Mnr. Pieter du Plessis en Mej. Anna Kruger.

Mnr. Fanie Steyn en Mej. Leonora Thiel.

Mnr. F. J. du Plessis en Mej. Dottie Linde.

Mnr. Zoeloe Snyman en Mej. Christa du Preez.

Mnr. Frans Gräbe en Mej. E.

Botha.

Mnr. Johan Styger en Mej. Salomé Erasmus.

Ds. Chris Malan en Mej. Anna Pretorius.

Ds. Jan Booyens en Mej. Lorraine van den Bergh.

Mnr. Charl Jooste en Mej. Kotie Venter.

Mnr. Steve van der Merwe en Mej. Vermaas.

Sommer 'n hele aantal van 1954 se H.O.D. en U.L.O.D studente is reeds vanaf 1 Februarie, sommige selfs vroeër, in die tuig. Ons wens die onderstaande pedagoge alle sterkte toe vir die gewigtige taak van opvoeding (en partykeer selfs opvoetering) toe:

Elise van der Walt op Vereeniging.

Det Botha op Gimnasium.

Maaïke Postma op Afrikaans Meisies Hoër, Pretoria.

Fransie Lessing op Hercules Hoër, Pretoria.

Daisie de Nysschen op Klerksdorp.

H. F. Barrish op Fakkell Hoër.

Ferdi Botha op Germiston.

Kierie du Randt op Girls' High, Germiston.

Unita Scheepers op Mooirivier.

Wimke Visser op Brits Laerskool.

Anna Hoogenboezem op Heidelberg.

Petro Robbertse op Kensington.

Anita Brits op Bethal.

Santjie Serfontein op Volksskool, Potchefstroom.

Jannie Becker op Kensington.

Beppie Kes op Helpmekeer, Johannesburg.

Windvoël van Niekerk op die Afios-personeel.

En Danie F. Erasmus op Wilgehof, Bloemfontein.

Mej. Linda du Toit is van plan om H.O.D. op Tukkies te gaan loop [wat sou die rede wees? Is Potchefstroom dan te ver?]

noemde liggame. Wanneer hierdie werk afgehandel is, sal oorgegaan word tot die konstitusie en huishoudelike reglement van die Studenteraad self. Daarna sal die reglemente van die Studentesaal, die argief, die diskoteek, e.a. in gereedheid gebring word. Laastens sal die kommissie trag om 'n behoorlike woordoms krywing en inhoudsbepaling vas te stel vir verskeie woorde van dubelsinnige betekenis en ander woorde wat omskrywing nodig het.

Die kommissie verwag dat wanneer die werk heeltemal afgehandel is, dit ongeveer 250-300 folios sal beslaan. Op hierdie stadium sal die hele Grondwet na 'n taalkundige gaan en daarna na die Senaat vir goedkeuring.

Die Grondwet sal in druk verskyn en nie weer afgerol word soos voorheen nie.

'n Tweede kommissie van die Studenteraad, bestaande uit Mnr. F. J. Labuschagne (convenor), P. J. Kruger en P. B. de Klerk, is ook besig aan 'n verwerking en uitbreiding van die geskiedenis van die studente aan die P.U. vanaf 1894 tot die einde van 1954. Ook hierdie boekie sal in gedrukte vorm die lig sien.

BROKKIES

uit die

KUNSWÊRELD.

BESONDERE MUSIEKPROGRAM.

Sommer met die wegval het ons die voorreg om na 'n besondere mumsiekprogram te gaan luister. Vier van ons plaaslike dosente tesame met twee Johannesburgse kunstenaresses tree Saterdagmiddag 19 Februarie in die Stadsaal op in 'n program van Kamermusiek en Sang.

Kamermusiek is 'n meer intieme vorm van musiek en bestaan gewoonlik uit die samespel van twee of meer instrumente, byvoorbeeld viool, tjello en klavier, wat dan genoem word klaviertrio. Vir 'n klavierkwartet kan byvoorbeeld die altviool nog bygevoeg word. Die komposisie bestaan uit drie bewegings, waarvan die tempo is: vinnig, stadig en vinnig.

Saterdagmiddag tree Arthur Wegelin (violis) en Pieter de Villiers (pianis), plaaslike kunstenaars, tesame met Anna Tichauer (altvioolis) en Eugenie Premyslav (tjellis), kunstenaresses van Johannesburg, op in 'n klavierkwartet.

Mnr. Wegelin, 'n Hollandse violis, is sowat 7 jaar al in die land en ongeveer 5 jaar verbonde aan die Potchefstroomse Konservatorium. Hy is alreeds goed bekend aangesien hy dikwels op die verhoor voor ons opgetree het.

Anna Tichauer is 'n Duitse dame wat haar na die oorlog in Suid-Afrika kom vestig het. Op die oomblik is sy viool- en altviool-onderwyseres in Johannesburg en het al baie deelgeneem aan Kamermusiekuitvoerings.

EUGENIE PREMYSLAV

Eugenie Premyslav is ook 'n Duitse dame wat al 'n geruime tyd in Suid-Afrika woonagtig is. Sy is 'n besonder bekwame tjelliste en was voorheen op vele konsertreise, self deur die Ooste, saam met haar oorlede eggenoot, 'n vermaarde violis.

Mnr. De Villiers, ongeveer ses maande verbonde aan ons Universiteit, het al verskeie kere voor ons opgetree, onder andere saam met die Johannesburgse simfonie-

KNOCK-KNOCK

Knock knock.
Who's there?
Varsity.
Varsity who?
Waar sit die B-veld?

Knock knock.
Who's there?
C.B.Y.
C.B.Y. who?
Siebie whaa! sy stertjie.

Knock knock.
Who's there?
C.B.X.
C.B.X. who?
Siebie ek sal jou skop.

J. HEIDEMA

vir
FIETSE

MOTORFIETSE J. HEIDEMA

Kerkstraat 30,
(teenoor Geref. Kerk)
POTCHEFSTROOM

HAROLD'S

AUTOMOBILE SERVICE
STATION.

Kerkstraat 166, Foon 1293,
Potchefstroom.

Voorraadehouders van alle
Onderdele en bykomstighede vir u
Motor, Trekker, ens.

DIE ARCADIA

HAARKAPPERS

Die Studente Bedieners.

NETHEID EN KWALITEIT

WERK IS ONS LEUSE.

Bedieners: Dames sowel as
Mans.

orkes. Voorheen was hy ook aan die Stellenbosche Konserwatorium. Toe het hy ook verskeie male opgetree saam met die Kaapstadse Stadsorkes.

Die drie werke wat voorgedra word, is kwartette van Beethoven, Mozart en Brahms. Dit is interessant om te weet dat Beethoven sin op 15-jarige leeftyd gekomponeer is, feitlik gelyktydig met die van Mozart. Mozart, toe reeds 'n volwasse kunstenaar, kwartet is 'n G. Mineur.

Die Brahmswerk is van groter afmetings en bestaan uit vier bewegings, waarvan die laaste 'n lewendige Sigeuner Rondo is.

Die kamermusieknommers word afgewissel met sang deur die sopraan Karinie van der Merwe, wat in 1954 die Voordraglisensiaat met lof afgelê het. Sy word begelei deur mnr. Septimus Smuts. Albei is verbonde aan die Konservatorium.

Karinie begin met 'n aria uit die Mattheus Passie van Bach, waarvan die inhoud is:

„Uit liefde wil my Heiland sterf—
Hy wat self sonder sonde is—
sodat die ewige verderf en strafgerig
nie oor my siel sal kom nie.”

Sy sing ook nog 'n aria afkomstig uit die „Jaargetye” van Haydn.

Die ander sangstukke wat sy sal voordra is almal werke van romantiese komponiste: Schubert, Brahms en Hugo Wolf.

Ons sien baie uit na hierdie konsert aangesien die program sowel as die kunstenaars van hoë gehalte is, en kamermusiek nog baie seld op Potchefstroom in die konsertsaal gehoor is.



MEJ. S. J. E. M. VAN
SCHOUWENBURG,
wat vir die tweede agtereenvolgende jaar verkies is tot hoof-dame van die dameskoshuise.

EXCELSIOR MEUBELS

Kerkstraat 132, POTCHEFSTROOM. Foon 743.

Ons nooi Pukke, Oud-Pukke en Vriende om ons
Vertoonlokale te kom besigtig.

Ons roem daarop dat ons diens ongeëwenaard is in die
meubelbedryf.

ONS REËL AFBETALINGS WAT BY NUWE BEGINNERS
SE INKOMSTE PAS.

MNR. J. S. DU PLESSIS,

U Verteenwoordiger van

REMBRANDT

Meyerstraat 9 — Telefoon 897.

POTCHEFSTROOM.

GRONDWET - KOMMISSIE VORDER FLUKS

'n Kommissie van die Studenteraad bestaande uit Mnr. M. J. Strydom (convenor), W. F. Steenkamp, Ph. C. Snyman en Mejj. E. Kruger en T. van der Merwe, is tans besig om die Grondwet van die Studenteraad met al sy onderliggende, administratiewe liggame en tydskrifte, in hersiening te neem. Hierdie kommissie het aan die begin van die huidige Studenteraad se werkjaar, oorgeneem van 'n ander kommissie wat die aanvoerwerk teen die middel van verlede jaar begin het.

TALLE KONSTITUSIES ALREEDS AFGEHANDEL.

Die kommissie het tans die konstitusies van die Afrikaanse Studentebond, Korps Veritas Vincet, die Algemene Bestuur vir Kuns en Kultuur, die Sentrale Sportbestuur, die konstitusies van die elf sportklubs en die vyf onderliggende van die Algemene Bestuur vir Kuns en Kultuur, asook die konstitusies en reglemente van die Geselligheidskomitee, Ontspanningskomitee, Vreugdedag, die „Pukkie”, die „Wapad” en die „Besembos” in gereedheid. Daar word tans gewerk aan die huishoudelike reglemente van boge-

PRO REGE-PERS Boekhandel

en

Antikwariaat.
VIR AL U

Wetenskaplike Boeke

en

Skryfbehoeftes.

Kerkstraat 59,
Telefoon 1164.

WYSHEID?

Ouheer: „Maak vir my 'n sin met faal” (nie slaag nie).
Eerstejaar: „Ek faal van die dak af.”

Ouheer: „Maak 'n sin met faam” (L.W. eenhede waarin dieptes op see gemeet word).
Eerstejaar: „My Pa boer op die faam”.



MEJ. EDNA KRUGER,
koshuisvertegenwoordiger van Piet Groblerhuis.

OORSTROMINGS IN POTCHEFSTROOM.

As gevolg van die baie reën van die afgelope dae, het ongewone tonele op Donderdag in die dorp afgespeel. 'n Breë stroom water het in Wasgoedspruit afgekom, en so diep oor die paaie gespoel wat die Bult met die dorp verbind, dat die verkeer daar gestuit is. Teen drie-uur die middag was alle paaie darem sodanig dat motors kon deurkom, hoewel hulle deur diep water moes gaan. Die laagwaterbrug in die hoofstraat was egter nog totaal onbegaanbaar, en die water het nog verskeie voete diep gespoel.

Ook by Noordbrug was die water wat afgekom het, te veel om onder die brug deur te loop, en 'n sterk stroom water het daaroor gespoel. Inwoners vanuit alle dele van die dorp het gekom om hierdie ongewone gesig te aanskou.

Leer altyd van 'n pessimis, hy verwag dit buitendien nie terug nie.

Many a public speaker is less useful than a pin, which has a head and a point.

Many a boxer, who, before the fight, says the result will be O.K. often finds he should have reversed the letters.

The only time a woman listens is when she hears something to tell someone else.

Vir Bevredigende Diens

BESOEK

DIE LOKALE HAARKAPPERS

KING'S HOTEL-GEBOU,
Kerkstraat 158,
Potchefstroom.
Foon 902.

Ejenaar: P. W. TALJAARD.

SOTTIE IS TERUG.

Tomstraat,
Potjiesroom.
So kort voor die groot gemors.

Mei meesgeliefste oom soois,
Gaats! oom moes nou hier ge-weesit, ek sal oom sê hoekom. Ek het mos laaste jaar in mei verstant gedop en mei pa het gesêlat as ek weer dlop hy fir mei gaat spoorwege toe stier. En toe dop ek. Ek wou nog keer oom toe was alles oor, sien oom ons werk op hi jaarpint, ek het nie hi jaarpint gehat nie. Dis nie die pinte wat dit hier gereent het nie maar sikkie anner potlootpinte. Maar siet oom ek is nou weer hier tot lat hille fir mei firjaag. Ek het mos ses donkies firkoop om te kom.

Mar joeeee oom Soois oom moet die reent hier sien. Ek hoor hier het tagtag dym gereent maar ek is nie seker nie. Ons was vermirrag bei die Mooirefier se brig. Jimmel mar oom moes dit gesien het. Daar is sikkie bome en hyse wat wegspool boor die brig, oom die ou stidentesaal het rêrag weggespoel, toe ek hier aankom was hy weg al wat nou nog daar staan is die offies. Mar oom dis nog niks want wasgoedspruit was kant en wal ek hoor hy het opgestoot tot voor die okaa, mar ek weet nie. By die rivier annerkant die dorp was daar hi klomp donkies innie rifier die water het opgestoot tot teen hille pense mar hille skrou nie eersie joe dit was vreeslik.

oom nouie annerdag vat my neef my saam toe hy gaat fry. Mar oom moes gehoorit wat hy fir my sê. Hy sêtoe fir my lat iedere ding wat hy fir sy ou aanstane skoonpa sê ek moet sê dis baja erger. Hy sê toe fir sy ou skoonpa hy het fir hom darrem

Knock knock.
Who's there?
Welma.
Welma who?
Wel ma, Flip is toe mos verloof.

WAT 'N MENS GRAAG SOU WIL WEET IS

... Of die ou dames se ou matrasse nou dalk gaan gebruik word om die spykerbankies geriefliker in te rig?

... Of daar genoeg lamppale en ligte vir elke sleper gaan wees, en of oom Gert reken die ligte gaan baie lank brand?

... Of die Puk nou 'n Landbougraad wil gaan aanbied met al die geploeg voor die Hoofgebou?
... Wat nou gaan gebeur weens die gebrek aan heinings en visdamme?

... Of die reëlings i.v.m. mans en fietse ook vir Thaba Lusern geld?

... Of daar genoeg ou here gaan wees om „claims” te steek in die „goldrush”?

... Of die verskynsels uit die onderwêreld al moeg gewag is vir wat kom?

nou hi karretjie ok gekoop Ek sê toe vir die ou skoonpa lat hy lieg want hy het fir hom hi naantiefortie-lêwen ouds gekoop, so hi laaang sheele. Toe sê die ou paa dis smaart. Toe sê my neef hy het darrem nou fir hom so hi klyn hysie ok gekoop. Ek sê toe fir die oom hy lieg want hy het fir hom hi sjêjs-verdieping bildieng opgeslaa Toe sê die oom dis smaart. En oom toe hoes my neef. Die oom vra toe fir my neef of hy verkoue het. My neef sê toe nee. En toe sê ek hy lieg weer oom hy het tering. Toe ons byte kom toe slaat my neef my laat ek hop. Ek dink dis dielat ek gedop het want my ore drys nog altyd van die dag af. Ek was dokter toe maar hy sê dis hi saak van tyd. Oom Soois hier by ons is hi onnerfoorsitter sy naam is streidom mar ek hoor hy is die president se fimielle joeeee ons is so blei want nou sal die president seker fir ons kom keier, mar ek weet nie, onthou oom Soois nog daardie sterk os van hi kint wat ons hier gehat het laaste jaar sy naam is piet breet hy kom van bitielle af. Nou ja hy was nou oorsee saam mit so lang oukie maar ek hoor lat toe die skip wou gesinkit lat hy sommer so innie water in dyk en toe hou hy die skip so fas onner die water lat hy nie kan sinkie o'ek is tog so bang hy word fir my kwaad en dan slaat hy my op my kop.

oom moet net sien hoe het hille geploeg hier oppie Pieekagronde. Hier werk so baie kaffirs lat ek dink hille het seker self die ploehi getrek, mar ek weet nie. Baja fan die kinnners het fir my gesê lat hille hoor die ontgroening is afgeskaf. Mar nou lat dit so firskriklik gereentit nou hoor ek weer so baja mense praat fan groeniggeit lat ek dink dis mar weer hi liegery.

Haai oom daar roep my maters fir my. Ag sê tog maar fir antie Fya lat biltong en biskyt baja welkom sal wees my klere hou nog alte wel want mit die shêlt fan my donkies het ek fir my hi goeije flennel gekoop en nog hi bloue.

baja groetnis van oom se geliefde nefie,
SOTTIE.

KNOCK-KNOCK

Knock, knock.
Who's there?
Dingaan.
Dingaan who?
Ding aan die lekker ou tyd.

Knock knock.
Who's there?
Walt Disney.
Walt Disney who?
Waal, dis nie nou tyd vir grappies nie.

Knock knock.
Who's there?
Dagga.
Dagga who?
Da'r ga die laaste knock knock.

Knoc knock.
Who's there?
Frieda.
Frieda who?
Friedagaand is „fish” aand.

REWOLUSIE VAN DIE NUWEJAAR.

Kys is mos nou uit die mode,
Al die ou dames is in node;
Die eerstejaars dank die gode,
En wag net op die kode.

Maar waarom hierdie wrede stelling?
Waarom hierdie geesteskwelling?
Die rede is die groot opwelling
Van liefde in die hoogste versnelling!


Voorbeelde is volop want
Verloof is professorSoetmelk Suurkaas uit Nederland,
En vise-voorsitter bring tot stand
Dieselfde ramp met skitterend diamant.

Voorbeelde verdring mekaar:
tweede, derde, vierdejaar
Voeg hul by die juigend skaar
Wat hier op die Puk badjaar.

Ander hul is daar Bessie,
Dink mos ookal aan 'n nessie.
En ene Ma Malan
Het haar mos ook deur Chris laat vang.

Die ou dames se moedjies sak,
En wens 'n nuwe skema aan te pak,
Om 'n drake „goldrush” deur te hak
Voor hul dalk bly sit op die rak.

BLOKKIESRAAISEL.



DWARS:

1. Ontnugterende opvoedingsproses (8).
7. Mohammedaanse God roep uit (55).
9. Koring dors (5).
10. Bitter Britse gebod (5).
11. 'n Otter eet so (2).
12. x (3).
15. Bruisende verligting na noenmaal (3).
17. Sy voertuig bewees so (2).
18. Die las is aan hom opgedra (55).
19. Maak mens tam (55).
20. Almal was daar (5).
21. Titaan oksideer nie (8).

REGAF:

2. Nimmer (5).
3. Delf (5).
4. Vergewe en vergeet (7).
5. Afgevaardig van Senman (6).
6. Geselsende Britse atleet is weg (8).
8. Slenter lui-lui rand (5).
11. Deur vergange jare versamel.
13. Interessante oerfeite ook daarin (7).
14. Werp meer lig op die saak (5).
15. Meer kaste as gewoonlik (6).
16. Altyd (5).
17. Stort daarvan af (meerv.) (5).

Die redaksie van die „Wapad” sie gestuur moet word. het dit goed gedink om in hierdie 3. Geeneen van die redaksie-uitgawe 'n blokkiesraaisel vir u lede of lede van die administrasie aan te bied in die vorm van 'n mag aan die kompetisie deelneem prysvraag Die enigste voor-nie. waardes hieraan verbonde is nl. Indien daar meer as een korrekte antwoord is, sal die prys gedeel word tussen die wenners. 1. alle inskrywings vergesel Laat ons gou van julle hoor, moet wees van 'n trippens, 2. die antwoorde op die vrae Pukke, en indien hierdie eerste ingevul moet wees in die blokkies prysvraag 'n sukses is, sal julle in van die raaisel hierbo, uit die die loop van hierdie jaar sommer „Wapad” uitgeknipt moet word en nog talle ander geleenthede kry voor 28 Februarie aan die Redak- om mee te ding.

COETZEE, DYKSTRA IN INTER-UNIVERSITÊRE MOOI VENNOOTSKAP TEEN WITS

Die Universitêre Kriekettoernooi het verlede jaar te Pietermaritzburg plaasgevind. Die Potchefstroomse Universiteit is verteenwoordig deur die volgende spelers: R. Hauptfleisch, B. Pienaar, C. Coetzee, H. Dykstra, H. van der Heever, G. van der Berg, O. Nel, J. Maree, P. Sherrell, B. Firth, R. Campbell en Frayne. As bestuurder van die span het opgetree prof. Davies.

Die Pukke was maar onseker in die begin maar desnieteenstaande het hulle in die eerste botsing teen Wits goed afgesit en gelykop gespeel. Wits het uitstekende gevaar met hul kolfwerk en hul beurt gesluit verklaar op 205 lopies vir 5 paaltjies. Dykstra en Maree het die P.U.-beurt geopen, maar ongelukkig moes Maree in die eerste boulbeurt alreeds terug pawiljoen toe. Dit het geskyn asof die P.U. gladnie op stryk kon kom nie, want in die paar volgende boulbeurte het die paaltjies van Firth, Campbell en Hauptfleisch voor Wits se boulwerk geval. Sake het egter verander toe C. Coetzee voor die penne gaan staan het. Op daardie tydstip was die telling maar 5 lopies vir 4 paaltjies. Coetzee en Dykstra het begin vasbyt en tenspyte van 'n nat kolfblad tog daarin geslaag om tot die einde van die spel voor die penne te staan en die telling op 43 lopies vir 4 paaltjies te staan te bring. Hierdeur is die wedstryd tot 'n gelykop beslissing gedwing.

Die tweede wedstryd teen Stellenbosch het die Pukke verloor. Hier was Coetzee die uitblinker met 43 lopies.

In die derde wedstryd teen U.P. het die Pukke reggeruk en kolwers soos Firth en Hauptfleisch het uitgeblyk sodat selfs goeie boulders soos Basson en Steynberg



MNR. R. P. HAUPTFLEISCH,
Krieketkaptein.

van U.P. hulle nie van stryk kon bring nie. Die goeie boulwerk van Nel en Frayne het ook daartoe bygedra om die wedstryd gelykop te laat eindig.

Die volgende wedstryd teen Rhodes is gekenmerk deur 'n algehele ineenstorting aan die kant van die Pukke. Rhodes het die wedstryd maklik gewen.

Teen U.O.V.S. het die Pukke beter gevaar. Die angel in U.O.V.S. se aanvalle was boulders soos Donovan (Kapt.) en Schonegevel.

Alhoewel ons krieketspan geen wedstryd gewen het nie, was die toernooi in die geheel beskou, 'n sukses. Ons spelers het hul goed van hul taak gekwyt en goeie ondervinding opgedoen.

BOFBALSPAN LAAT GOEIE INDRUK.

Vir die eerste keer gedurende die bestaan van die Bofbalklub aan ons Universiteit, het Kaptein W. F. Steenkamp met 'n span spelers aan die Interuniversitêre Bofbaltoernooi wat verlede jaar vanaf 2 November tot 4 Desember aan die Universiteit O.V.S. plaasgevind het, deelgeneem. Ongelukkig kon die span nie officieel aan die toernooi deelneem nie omdat twee spelers, J. S. Swanepoel en H. C. Swanepoel, nooit opgedaag het nie en ook nie die kaptein of die Senaatsverteenvoorder voor die tyd daarvan in kennis gestel het nie. Dit is werklikwaar 'n betreuenswaardige toedrag van sake dat ons sport klubs, wat alles feil het vir hulle inrigting asook hulle eie klubs, so in die steek gelaat word wanneer hulp die nodige is. Die gevolg hiervan was dat daar vir die Pukke slegs vriendskaplike wedstryde gereël kon word en dat hulle, soos reeds genoem, nie officieel deelgeneem het aan die verrigtinge nie.

Hoewel die Pukke slegs aan drie wedstryde deelgeneem het het hulle 'n merkbaar verbetering getoon en volgens verskeie koerante van die Vrystaat, met bevestiging van die keurders, het die span 'n baie goeie indruk gelaat. Wat hier treffend is en vermelding verdien, is die feit dat die keurders die opinie toegedaan was dat die Pukke die beste span was wat vir die eerste keer aan so 'n toernooi deelgeneem het.

In 'n onderhoud met die Senaatsverteenvoorder, mnr. D. J. Eloff, het aan die lig gekom dat daar deurgaans 'n besonder goeie spangees en samewerking was. Mnr. Steenkamp, die kaptein, verdien alle lof vir sy ywerige leiding. Hier kan ook die name genoem word van Lang Swart Steenkamp wat veral op die gooiersplaat uitgeblyk het, en Hennie van der Walt (vanger).

Die uitslae van die wedstryde waaraan die Pukke deelgeneem het, was as volg:

U.O.V.S. klop P.U. 16-5.

U.S. klop P.U. 12-3.

Wits klop P.U. 11-9.

Stellenbosch het die toernooi gewen met Universiteit Kaapstad tweede.

Die span was: W. F. Steenkamp (kaptein), J. J. A. Steenkamp, C. J. F. du Plessis, D. J. Eloff, D. A. Beneke, C. van der Westhuizen en Hennie van der Walt.

SAAMTREK WINKEL,

Algememne Handelaars.

Von Wiellighstraat 13,

ALLE BENODIGHEDE WORD AANGEBIED.

„Kom ondersteun ons,

Pukke!“

INTER-UNIVERSITÊRE SWEMTOERNOOI.

Die swem-toernooi wat gehou is van 2-4 Desember 1954 op Stellenbosch is ook bygewoon deur 8 Pukke wat meegeding het.

Mnr. Harry Getz, President van die Suid-Afrikaanse Universiteits Amateur Swem Federasie het die Pukke in besonder baie welkom geheet. In besonder omdat dit die eerste maal is dat hulle op die swem-Intervarsity aanwesig is, alhoewel dit al 'n 25-jaar-oue instelling was. Dit was ook die eerste maal dat al agt Suid-Afrikaanse universiteite voltallig daar was.

'n Besondere woord van dank word ook gerig aan die Rembrandt-maatskappy wat ons mans gratis van sigarette voorsien het. Die firma het die swemspan baie gasvry ontvang en op 'n aangename wyse onthaal deur 'n motortoer vanaf Stellenbosch deur Franschoek en Paarl te reël. Sommige van die Pukke het ook die Rembrandt-fabriek besoek.

Ons swemspan was besonder klein—slegs sewe lede onder leiding van Ferdi Botha, en daar kon dus nie sprake wees van kompetisie teen spanne van 30 lede nie. J. Willemsse van P.O.K. was ook in ons span ingesluit. Die ander swemspanne was besonder tegemoetkomend en het na die Pukke se mislukkings waardevolle wenke aan die hand gegee.

Wits is die houers van al die bекers en skilde met 'n totaal van 59 punte. Die Pukke kon nie daarin slaag om een punt te kry nie maar hulle het moedig volgehou en daar het deurentyd 'n goeie gees geheers.

Daar was verskeie provinsiale kampioene en o.a. ook die Springbok-borsslag swemster, M. Morgan van Rhodes.

Die ander spanne was verbaas dat ons, met ons pragtige swembad, nie veel tyd aan oefen en afrigting bestee nie.

POLOSPAN VAAR SWAK.

Die polo-span het uiters swak gevaar en die twee wedstryde wat gespeel is, is beide met 13 punte verloor.

Mnr. Ferguson, 'n onderwyser aan Boys' High het egter belowe om ons polospan af te rig. Ook sal hy miskien die swemspan kan afrig vir 2 of 3 dae in 'n week. Daar word gemeen dat as

SPANBESTUURDER

SE DANKIE.

Ek wil graag langs hierdie weg as Spanbestuurder en as Senaatsverteenvoorder my hartlike dank uitspreek teenoor die lede van die Bofbalspan vir die mooi houding en aangename gees wat geheers het gedurende die Bofbaltoernooi wat vanaf 29 November tot 4 Desember 1954 op Bloemfontein plaasgevind het.

Ek was trots om saam met julle te kon wees, Pukkies!

D. J. ELOFF.

CORNER FRUIT STORE

vir al u

Vrugte, Lekkers,

Sigarette,

Koeldranke en

Verversings.

BEKEND VANWEE SY

Uitstekende Diens.

Drink en Geniet

S & S

Super Dilla

en

Super Orange.

Sherr & Shakinovsky

Autolaan,

POTCHEFSTROOM.

Foon 16.

WESTVAAL

Studente!!!

VIR KWALITEIT

Droogskoonmaak

STUUR NA

WESTVAAL.

QUEEN'S HOTEL

Vir al u Dinees.

Kerkstraat,

POTCHEFSTROOM.

Pukke, daar is geen beter plek,

wat betref diens.

WES-TRANSVAAL

SPORTWINKEL

vir

Alle Sportuitrusting en

Sportbenodighede

J. TOD SUTTIE,

KOMPLETE

Mansuitrusters

vir al u

Klerasie en ander benodighede.

Kerkstraat 127,

Foon 1, POTCHEFSTROOM.

MALAN MEUBILEERDERS,

S.A.N.L.A.M.-Gebou, Winkel Nr. 3,

POTCHEFSTROOM.

'KOM BESOEK ONS VIR „DIENS“.

W. A. VENTER,

HORLOSIEMAKER EN JUWELIER.

Kerkstraat 152, Potchefstroom.

VERLOOFRINGE

MAKLIKE TERME. GEEN DEPOSITO.

Alle soorte Reparasies. Alle werk gewaarborg.